Outeniqualand

oorgee • omgee • aangee

# FAMILIENUUS

## 13 September 2026

## Wat jy hierdie week moet weet!



# erediens

## SONDAG




**Kom sluit Sondag by ons aan vir die erediens om 08:00 by die Kobus Hattinghsaal en 09:30 by die kerk (Sinksabrug). Baie dankie aan ds Jannie Fourie wat die boodskap sal bring. Kom drink lekker koffie saam met ons na afloop van die erediens**

## VOLGENDE SONDAG

**Ons nooi jou uit na volgende Sondag se erediens om 09:30 in die kerk by Sinksabrug. (Die Gesinsdienste van die 13de en 20ste staan oor tot ds Jan terug is)**

## SABBATSVERLOF

**Ds Jan is vanaf 1 – 30 September met Sabbatsverlof. Ons bid dat dit vir hom 'n besonderse tyd van geestelike hernuwing sal wees.**

**In geval van krissis of as jy besoek nodig het, kontak ds. Basie Fourie by 083 310 0811 of vir Merinda by 083 4 526 526.**

## DEUROFFER: PREDIKANTEBEGELEIDING

**Die Dominees skryf agter hulle naam VDM - Verbi Divini Minister.**

**Hulle is bedienaars van die Goddelike Woord. Oor hulle drumpels stap dié met aansien maar ook dié waarop neergesien word. Hulle bediening getuig van hartsake en kerksake en ringsake, van hartseer en twyfel en verslaent-heid en rou. Hulle tree op as vredemakers en arbiters en fasiliteerders en troos-ters. Op Sondag staan hierdie manne en vroue voor U en sê: "So sê die Here."**

**Deur die taakspan Predikantebegeleiding, lewer ons Sinode 'n omvattende ondersteunings- en bedieningsprogram aan al die leraars van ons kerk. 'n Program wat daarop fokus om dominees hulle bekwaamhede te laat ontwikkel en persoonsgroei stimuleer maar 'n program wat hulle ook verbonde hou aan hul Bron. U offer vandag ondersteun hierdie program en daarvoor word dankbare erkenning gegee.**

---


*Dr. Siegfried Louw / pastor@sun.ac.za*

---

## DEUROFFER

**Verlede Sondag het ons R2 035 ingesamel vir die Instituut vir Dowes. Volgende Sondag se deuroffer is vir Studentebearbeiding.**

# BYBELSTUDIE VIR MANS EN VROUE



Kontak gerus vir Pieter Landman (072 518 6964) as jy belangstel om aan te sluit.

- **Uitnodiging aan al die manne van Outeniqualand:** Die Bybelstudie vir manne is Donderdae om **08:00 by die Kobus Hattinghsaal.**
- **Uitnodiging aan al die vroue van Outeniqualand:** Die Bybelstudie vir vroue is Donderdae om **09:30 in die Kobus Hattinghsaal.**

## oorgee

# GETROUHEID/GEHOORSAAMHEID

**Rekeningbesonderhede:** NGK Outeniqualand; FNB Tjek rekening; Rek nr: 623 584 60401; Takkode 210-114. *Verwysing: Deuroffer/Dankoffer/Projek/Bankkollekte ens.*




Snap here to pay
SnapScan

FNB
First National Bank

## omgee

# VERJAARSDAE

# (13 - 19 September 2026)

| | | |
|---|---|---|
| SONDAG: | 13 | Joan Badenhorst |
| | | Daniël Kleyn |
| | | Fanie Nel |
| MAANDAG: | 14 | Francois Haasbroek |
| | | Joshua Swart |
| DINSDAG: | 15 | Alma Bester |
| | | Susan Botha |
| | | Elsjé de Villiers |
| WOENSDAG: | 16 | Melani Fourie |
| | | Anna Nieuwoudt |

| | | |
|---|---|---|
| | | Ronel Viljoen |
| DONDERDAG: | 17 | Elaine Engelbrecht |
| | | Bella Winnertz |
| VRYDAG: | 18 | Marelize Boshoff |
| | | Tjaart Robertson |
| | | NT Snyman |
| | | Marietjie Terblanche |
| | | Isabeau van der Westhuizen |
| SATERDAG: | 19 | Jurgens Botha |
| | | Estene Visagie |

*Stel die kerkkantoor asb. in kennis van enige foute/uitlatings sodat dit reggestel kan word op ons register

1. Predikante begeleiding (Deuroffer): Bid vir hierdie sinodale program wat predikante ondersteun, hul persoonlike groei en verbondenheid met God, in die bediening meewerk.

2. Bid vir streke in die Wes-Kaap wat min en onder-normale reën gehad het deur hierdie seisoen.

3. Bid vir ons skoolgaande kinders - vir dissipline, druk.....van maats, matriekafskeide, eksamens, kulturele en sportaktiwiteite.

4. Bid vir Christelike kerke in SA - om liefde, waarheid, goeie waardes, beginsels en omgee uit te leef – veral nóú, voor die verkiesing en in die aanloop tot die einde van die jaar.

5. Bid die Woord: (Luk 10:39) "....Maria wat aan die voete van die Here gaan sit en na Sy woorde geluister het" Luister biddend aan die voete van die Meester.

DANKIE:

1. Vir elke nuwe môre, vir nuwe geleenthede, nuwe inspirasie en nuwe mense oor ons pad. God is goed!

2. Van God se grootste gawes en voorsiening is verniet, genade omdat Hy ons liefhet. (Dink net: Die son gaan op en verskaf gratis hitte) Dankie vir dit wat ons sondermeer en onwillekeurig geniet.

**GEBEDSUITDAGING:**

Die Bybel is vol gebroke en flenters mense.
Tog vertel die Skrif 'n verhaal van God wat hulle op hul knieë ontmmoet en nooit los nie.
Glo dit as jy bid!



# IS GEBED JOU PASSIE?

**Raak deel van Outeniqualand se unieke whatsapp-gebedsgroep of gee gebedsversoeke deur sodat ons jou kan bystaan in gebed!**
**Kontak asb. vir ds Jan by 084 258 8646.**
Hier is 2 Gebedsinisiatiewe:

- ‘n Prentjiemooi gebedstuin by die KHSaal in Glentana. Kom beleef God in die stilte van Sy skepping!
- ‘n Gebedskamer (ou moederskamer) agter in die kerkgebou vir gebruik deur ons lidmate. Julle kan voor/tydens eredienste daar kom bid.

# ONS BID SAAM VIR....

Die Ringsitting van die Ring van George is van Sondag tot Maandag (13 - 14 September) by Uniondale gemeente. Outeniqualand se afgevaardigdes is Jaap en Maryna van der Westhuizen. Hou hulle asb. in jou gebede.

**Kronies**
Annemarie Swart, Justin Deyzel

**Kanker**
Malan en Elrine se agter-kleinseun
Nadia Botha, Joey Buitendagh se dogter, Karina Richter,
Debbie de Klerk, Reiner Becker,Irmgard Nel, Elize Odendaal, Ronel Skeen,

**Herstel**
Isabelle Winnertz, Dorothy Robertson
Dirk Swart, Errol Thysse, Stoffel Bester
Henriette Bothma, Serah Bester,
Bertie Truter.




# KOM SING IN DIE KOOR



Die koor begin weer oefen op **Donderdag 10 September om 17:00 in die Kobus Hattinghsaal** om voor te berei vir ons Kerssangdiens op die aand van Sondag 22 November.
Jy hoef nie musiek te kan lees nie, as die Here vir jou die talent gegee het om lekker saam te sing, kan jy deel raak van hierdie groep.
As jy enige vrae het, kontak gerus vir Tinus by 072 649 2596

# DIENS VAN BARMHARTIGHEID

**Ou tydskrifte** – Hoogekraal Primêr soek ou tydskrifte. Dit kan by die kerkkantoor afgelaai word.
**Oortollige bolletjies wol** – Die dames is besig met verskeie brei-projekte. As jy enige oortollige bolletjies wol het, kan jy dit by die kerkkantoor aflaai.
**Kontakpersoon** vir enige van bogenoemde is Elna by 082 552 7831

# inligting

## "AGTERGEBLEWE" BAKKE EN LEPELS

**Al die bakke, borde en lepels wat by die afgelope funksies agter gebly het, is in die kerksaal. Gaan kyk gerus of kontak vir Annemarie by 084 551 6282.**

**As jy agterkom dat jy per ongeluk die verkeerde bak gevat het, bring dit net saal toe en ons sal sorg dat dit by sy eienaar uitkom.**

## BLY OP HOOGTE!

**Indien jy op hoogte wil bly van die gemeente se aktiwiteite via whatsapp, stuur 'n whatsapp na ds Jan se nr (084 258 8646) met jou naam daarby. (Jy hoef nie jou lidmaatskap aan te vra hiervoor nie)**



# snuffelhoekie

## 5 STER KOMPOS

**Die naam sê dit alles.......**

**U tuin smag daarna!  Kontak Frank Robertson – 082 456 5965**

**R50 per sak/R650 per kubieke meter grof/R700 per kubieke meter gesif.**

## PENDELDIENS



**Een van ons lidmate het begin met 'n Lughawe en Dorp pendeldiens.  Hy kan help so wyd as Oubaai/Heroldsbaai/Glentana/ Groot Brakrivier/Wildernis/ Victoriabaai.  Hy sê sy diens is betroubaar, bekostig-baar, betyds en veilig.  Kontak gerus vir George Botha by 082 566 3374.**



## GEHEKELDE TAFELDOEK

**Indien jy belangstel om hierdie pragtige gehekelde tafeldoek kontak gerus vir Gerda Heunis by 062 274 1711.**

**Outeniqualand kan nie instaan vir die kwaliteit van profukte of dienste gelewer, wat in hierdie snuffelgids geadverteer word nie.**

Kontak Merinda by die kerkkantoor by 044-876 0158 of ngouteniqua@gmail.com
of stuur 'n whatsapp na
083 4 526 526
Kom besoek die kerkkantoor
Dinsdag to Vrydag (08:30 – 13:30)
**asook** Woensdae (15:00 – 16:30) en Sondae (09:00 – 11:00)
Kontak ons Fasiliteitsbestuurder: Annemarie by 084 551 6282
Besoek ons ook by www.outeniqualand.co.za
of
Facebook by NG Outeniqualand Gemeente.



**Indien jy 'n produk of diens in die snuffelgids wil adverteer, kontak vir Merinda, nie later as Woensdagmiddag, by die kerkkantoor ngouteniqua@gmail.com of**

**044-876 0158**

